Hoofstuk: 3&4 Paragraaf: 14.		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee nie en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.	1	Efesiërs 2:8	Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;	Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.
		Filippense 2:13	want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.	want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.